## BOEKBESPREKING

Drr. J. Klapwijk, S. Griffioen en drs. G. Groenewoud (red.): *Vrede met de Rede? Over het vraagstuk van rede en religie, van autonomie en heil.* Van Gorcum, Assen, 1976, 115 p.; prys f16 (R8.32). Nommer 7 in die reeks: Bijdragen tot de Filosofie.

Vanaf 16—18 Oktober 1974 het die tweede lustrumkongres van „de Centrale Interfakulteit" van die VU in Amsterdam plaasgevind. Die referate tesame met hoogtepunte uit die bespreking, word in dié bundel vervat. Die bundel is geredigeer en word aangebied deur die navorsingsgroep „Geloof en Filosofie", bestaande uit medewerkers uit verskillende fakulteite, wat oor 'n periode van vier jaar o.l.v. dr. J. Klapwijk 'n studie gemaak het van „die verhouding van Christelike geloof en nie-Christelike denke in die perspektief van die geskiedenis van die wysbegeerte".

Die bundel is beperk tot die eietydse vraagstukke en wil oriënteer in die huidige geestesworsteling. Die referente omvat sowel Protestantse as Rooms-Katolieke en het uit die aard van die saak verskillende standpunte gestel.

Alle referate was toegespits op die kongrestema: vrede met die rede? Dit is soos die redaksie in die voorwoord sê, 'n vraag met 'n dubbele bodem: eerstens die kritiese vraag of ons vrede kan hê met die outonome rede wat hom sedert die Verligting mondig verklaar het t.o.v. die Christelike geloof en die Bybelse openbaring; tweedens: kan daar nie juis „in het geloof bronnen worden aangeboord die ook tot *heil* en vrede zouden kunnen strekken van een geïntegreerde rede?" Dit gaan dus in die tweede vraag om „de saamhorigheid van denkend inzicht en gelovig uitzicht".

Die probleem van geloof en rede het natuurlik wortels wat diep in die geskiedenis lê en was sedert die Middeleeue een van die groot temas waarmee daar geworstel is. Hierdie feit aksentueer reeds vir ons die belang van die bundel.

Die belang van die bundel word verder verhoog deur die goeie kwaliteit van die bydraes wat hierin opgeneem is. 'n Bespreking van elke bydrae sal hierdie resensie te uitgebreid maak. Derhalwe word die inhoud net kortliks hier aangedui.

Prof. M. F. J. Marlet (Innsbruck), wat in 1953 in Rome met 'n proefskrif voor die Wysbegeerte van die Wetsidee gepromoveer het, handel oor *Autonoom of transcendentaal als vraag gestel aan de Rede.* Na 'n kort omskrywing van wat hy onder rede verstaan, volg 'n historiese oorsig van die rol van die rede en vervolgens word enkele moderne beskrywinge gegee (wo. die eiemagtigheid van die rede en die dialektiek van die Verligting).

Die pragtige referaat van prof. H. Berkhof (Leiden), *Pleidooi voor Heteronomie,* toon weer eens dat hy nie net 'n begaafde teoloog is nie maar ook 'n gedeë kultuurfilosoof. 'n Plesier om hierdie kultuurhistoriese en teologiese dieptesnit te lees, wat eindig in die trant dat al ons filosofiese stellinge en ons teologiese leerstukke „toch nog verbale slagen in de lucht blijven, als ze niet worden gedragen door een gemeenschap waarin de heteronomie als de ware

wet der vrijheid beleefd worde..."

In 'n grondige ontleding met mooi kritiese flitse bespreek dr. S. Griffioen (Institute for Christian Studies, Toronto) *De Strijd om het Centrum. Enkele Lijnen en Motieven in het denken van Ricoeur.* Hy toon aan dat, ten spyte van die huidige krisis van die rede, lg. as instrument tog nog 'n res van eiemagtigheid behou.

Karl Barth het in sy oudag op 'n keer die opmerking gemaak dat die hele problematiek van die negentiende eeu wéér eens in die tweede helfte van die twintigste eeu teruggekeer het. Hoe raak die opmerking is, blyk uit die referaat van dr. J. Klapwijk: *Geloof en Rede in de Theologie van Troeltsch en Pannenberg.* Die referent is hier in sy belangstellingsfeer (dink aan sy proefskrif *Tussen historisme en relativisme,* 1970) en trek insiggewende lyne wat nie net die ooreenkoms tussen Troeltsch en Pannenberg blootlê nie, maar ook hierdie twee teoloë se intensies helder na vore bring.

Die laaste referaat is dié van prof. G. Rohrmoser (Päd. Hochschule, Münster en univ. van Keulen) oor *De problematiek van de Rede in het perspektief van het Neomarxisme van de Frankfurter Schule.* As lid van die „Evangelische Studiengemeinschaft" het hy jare lank deelgeneem aan die gesprek met die Oos-Europese (neo-) marxisme en is bekend vir sy publikasies oor die marxisme en neo-marxisme *(Das Elend der kritischen Theorie,* 1970; *Marxismus und Menschlichkeit,* 1974). Sy artikel is kort, miskien te kort in dié sin dat daar vir die oningewyde leser te veel as bekend veronderstel word, maar bied 'n helder samevatting van die visie van die neo-marxiste op die rede.

Die bundel sluit af met 'n epiloog van prof. J. van der Hooven (VU) waarin 'n soort balans van die bespreking opgemaak word.

Die bundel is netjies versorg met 'n *curriculum vitae* van elke referent en 'n persoonsregister.

Daar is hier en daar vrae wat by jou opkom, veral wanneer die referent positiewe lyne begin trek. Die vrae verdwerg egter agter die waardering vir 'n bundel wat ons goed oriënteer t.o.v. die huidige problematiek van geloof en rede. Die kritiese vrae word ook verdwerg deur die grootskaalse instemming waarmee die meeste bydraes gelees is. Sover dit die VU betref, verkeer 'n mens nog graag met die filosowe — soos in die geselskap van broeders — iets wat helaas nie van baie ander fakulteite gesê kan word nie.

L. F. Schulze.

Nürnberger, Klaus: *Sistematiese Teologie,* nommer 20 in die „Teologiese Boekreeks"; Genadendal, 1975; 608 bls., harde band; prys R4,90.

Dit bly tot 'n mate 'n beskaming vir die Afrikaners en die Afrikaanse kerke dat die eerste volledige dogmatiek in Afrikaans geskryf moes word deur 'n Duitssprekende Suid-Afrikaner. Aan dr. Nürnberger, 'n gebore Suidwester, en tans dosent in dogmatiek aan die Lutherse opleidingskool te Mapumulo, ons gelukwense met hierdie omvangryke, baie leesbare, en ook lesenswaardige boek.

Hierdie werk is in meer as één opsig vars, prikkelend en interessant. Eerstens is die bedoeling van die boek om inderdaad 'n

handboek vir studente te wees. Daarvan getuig die opset van die boek. In 'n soort „inleiding" met die titel „Waaroor dit gaan" word dit duidelik dat die boek hom rig op die vorming van die „sistematiese teoloog" en word boonop 'n beknopte inhoud van die hele werk gegee, met 'n kort samevatting aan die einde (p. 8—32). Voorts word elke hoofstuk nie net van onderopskrifte voorsien nie maar die paragrawe word deurlopend genommer en die kerngedagte van elke paragraaf word kursief gedruk. Hierdie kerngedagtes word bowendien vóór elke hoofstuk in kleindruk saamgevat as 'n redelik uitgebreide „inhoudsopgawe" van die hoofstuk. Bowendien word aan die einde van elke hoofstuk 'n kort samevatting gegee van wat behandel is, terwyl aan die einde van 'n hoofstuk ook soms nog vrae gevra en take gestel word waaroor die voornemende „sistematiese teoloog" self moet nadink. Na party hoofstukke volg relevante „aanhangsels" in kleindruk, waarin dogmahistoriese of meer aktuele probleme (ook m.b.t. die jong kerke) behandel word. Die geheel is dus besonder sistematies, ook wat die deurwerking van die skrywer se uitgangspunt en metode betref (waaroor later meer), en bowendien oorsigtelik sodat die student baie maklik die hoofgedagtes kan bekom. Maar dis geen „handboek" in die sin van 'n handige naslaanwerk oor historiese en teologiese feite nie. Trouens, die skrywer ag die historiese en teologiese feitegegewens as sodanig van minder belang, omdat dit gaan om die vorming van selfstandig denkende dogmatici. „Sistematiese Teologie kan jy nie leer deur 'n aantal begrippe en leerstelling (sic) van buite te leer" nie . . . „Dit is nie 'n ensiklopediese dissipline nie. *Sistematiese Teologie kan jy slegs leer deur self sistematies te begin dink"*. (Kursivering van die skrywer.)

Tweedens is die aanbieding en indeling van die stof ook heel verskillend van die tradisionele Gereformeerde patroon en meer in die lyn met moderne dogmatieke. Om dit te verduidelik, word die inhoudsopgawe hier weergegee. Deel I bevat vier hoofstukke:

1. Die lewende Woord (verkondiging, tradisie, Skrif) met 'n aanhangsel oor die probleem van die waarheidsgesag in die teologiese tradisie.
2. Die bepeinsing en vertolking van die Woord (teologie).
3. Die sigbare Woord (sakramente) met aanhangsel oor ons aannemingspraktyk.
4. Die fasette van die Woord (wet en evangelie) met aanhangsel: die Woordfasette in 'n pastorale geval.

   Onder deel II is die res van die twaalf hoofstukke gerangskik:

5. Die oorsprong van ons werklikheid (skepping) met twee aanhangsels: skeppings, geloof en natuurwetenskap en 'n skeppingsgeloof in dinamistiese werklikheidservaring.
6. Geskei van die lewendige God (wet, sonde, dood) met aanhangsel: die oorsprong van die kwaad.
7. Vereenselwig met die lewendige God (Christologie) met aanhangsels oor die tradisionele en hedendaagse Christologiese probleme.
8. Die Skepper van ons nuwe lewe (pneumatologie).
9. Die gemeente van gelowiges (ekklesiologie) met aanhangsel:

die ampstruktuur in Afrika.
10. Die sending van God (missiologie en etiek).
11. Die toekoms van God (eskatologie).
12. Die selfvertolking van God (Godsleer). Ten slotte volg 'n literatuurbespreking.

Gegewens oor en riglyne vir die jong kerke is insiggewend en maak die boek aktueel vir ons land. Daarby is die skryfstyl eenvoudig en mooi en dit maak die werk aangenaam om te lees. Spelfoute is minimaal en idiomatiese onsuiwerhede bloedweinig — die steurendste is m.i. die „lewendige" i.p.v. „lewende" vir God. Die skrywer sê mooi dinge, bv. oor die charismata (p. 441 v.), oor die eenheid, verskeidenheid en verskeurdheid van die kerk (p. 411 e.v.), en sy waarskuwing teen „institusionele samesmelting" as voorwaarde vir die eenheid van die kerk is nie onvanpas nie. Die kerk is *sui generis* en nie meer 'n sosiale groep naas andere nie (p. 411). So word soms vars perspektiewe geopen.

Helaas moet ons sê dat al die mooi en prikkelende dinge gesê word vanuit 'n konsekwent eksistensialistiese uitgangspunt, wat die skrywer self (relativisties as een moontlikheid naas andere) onomwonde stel: „Ons het beslissings gevel ten gunste van 'n bestaansanalitiese (eksistensialistiese) en teen 'n spekulatiewe metode"; dis 'n uitgangspunt „by die gedifferensieerde Woordgebeure (roeping, oordeel en selfgeskenk van God in Christus) en teen 'n uitgangspunt by 'n monistiese openbaringsbegrip; ten gunste van 'n ‚teologie van onder' en teen 'n ‚teologie van bo' " (p. 16). As gevolg van dié uitgangspunt (Bultmann!) kry mens die indruk dat die Woord soms gehipostaseer word (p. 13), word die objektiewe „ortologiese" waarheid gerelativeer en word 'n funksionele Christologie, met afwysing of ten minste met herinterpretasie van Chalcedon voorgestaan (p. 324 v.).

'n Handboek sonder meer vir studente van die Gereformeerde tradisie kan dit dus nie wees nie. Vir die oordeelkundige leser, studente en predikant én belangstellende, wat weet hoe om te onderskei, is die boek beslis die moeite werd. L. F. Schulze.

## BOEKAANKONDIGINGS

Totius: *Vier-en-sestig dae te velde.* 'n Oorlogsdagboek. Met aantekeninge deur V. E. d'Assonville. Tafelberg-uitgewers.

B. J. van der Walt: *Heartbeat: Taking the pulse of our theological-philosophical heritage* (308 pages). Price: R3,00.

B. J. van der Walt: *Horizon. Surveying a route for contemporary Christian thought.* (300 pages). Price: R3.00.

K. Exalto: *De Roeping. Een Reformatorische Bezinning.* (Verkrygbaar by Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms) Bpk, Posbus 1822, Kaapstad). R6.71.

Nauta, Knetsch, Bremmer, e.a.: *De Nationale Synode van Dordtrecht 1578,* 208 blss., f35; Buyten & Schipperheijn, Valkenburgstraat 106, Amsterdam-C.

Red. K. Neurenberger: *Affluence Poverty and the Word of God,* A Missiological Institute publication, Lutheran Publishing House, Durban.